NAMIBIA ENDURANCE

BOX / BUS 939
OKAHANDJA
NAMIBIA

TEL: +264-62-518331
FAX: +088614033
E-MAIL: nera.hanekom@gmail.com
Mobile: +264811222059

"TO FINISH IS TO WIN"

BESLUITE REGISTER VAN NERA RAADSVERGADERING GEHOU OP 10 MEI 2014

1. Alle Korporatiewe ruiter is Novice ruiters. Dit beteken dat 'n Korporatiewe ruiter nooit verder as 90 Km mag ry nie en nooit vinniger as 16 KM/u nie. Koroporatiewe ruiter mag ook nie aan 'n FEI rit deelneem nie en het geen stemreg nie. Korporatiewe lede betaal vanaf 2015 'n verminderde Nera affliasiefooi, naamlik dieselfde as Kinderruiters.
   Enige volpbetaalde Nera lid mag n Korporatiewe lidmaatskap uitneem. Korporatiewe lidmaatskap is net van toepassing op die Korporatiewe lid se eie perde.

2. Geen teuls wat die perd se vrye beweging van sy kop belemmer mag gebruik word nie, soos , maar nie beperk tot nie, "Running Reins / French reins, ens. soos per FEI Artikel 810

3. Novice reel verandering – kyk nuwe skrywe aan lede uit gestuur – vir perd steeds minimum van 12maande, maar vir die ruiters is die minimum periode nou net 6maannde.

4. Maak asb ook seker dat jul bewus is van die kleredrag reels –
   Artikel 809 809.3.1 en 809.3.2
   Kortbroeke word wel op die ritbasis toegelaat tydens die rit, maar nie in die veearts area nie en ook nie by die ritbespreking of prysuitdelingsfunksie nie.
   LW Daar is geen jurisdiksie oor besoekers

5. Kinders kan in enige kategorie gekoppel word. Indien die kind nie meer koppeling nodig het nie, maw vanaf die jaar waarin hy 12 word, spring hy in sy eie kategorie weg soos die res van die ruiters. Kinders kry wel ook plek plasings. Indien enige ouer 'n probleem het – verwys dit Raad toe. Dit is nie 'n probleem vir die tydhouers of rit aanbieders.

6. Nera Lede word weereens daaraan herhinner dat Nera 'n beperking geplaas het op Mnr Hennie Coetzer en al sy perde in die sin dat hulle nie aan Nera ritte mag deelneem nie. Nera lede moet dit in aanmerking neem by enige koop/skenking van enige perd van Mnr. Coetzer.

7. Die Sophienhof rit van Okanjande van 13 en 14 June 2014 is afgestel.

8. Die Waterberg rit van Okanjande van 20 September 2014 is afgestel.

9. Die 300 Myler rit van Okanjande verskuif na 7. 8, 9 en 10 Oktober 2014 om die volmaan te benut vir die nagry.

10. Novice perde kwalifiseer ook vir Bes Voorbereide Perd toekenings.

11. Die Inentings, spuitprogram vir Nera ritte is dieselfde as die FEI inentingsprogram.

12. Die Walvisbaai Uithouritklub het ontbind en alle Walvis lede moet asb by ander Nera Klubs afflieer.

13. Die Walvisbaai rit is nie meer 'n klub rit nie, maar 'n Nera Rit. Daar is reeds 'n Walvisbaai rit, Reelingskomitee gekies en Rudlof Oosthuizen is die voorsitter hiervan. Enige persoon wat enige bydrae wil lewer word versoek om met Rudolf te kontak.

14. Walvisbaaiklub doen by die Raad aansoek vir die goedkeuring van inskrywingsfooie vir 2013 ten bedrae van N$ 1 750.00. Die aansoek vir die verhoogde ritgelde was gebaseer op die moontlikheid dat een groot borg ten bedrae van N$ 50 000.00 moontlik nie gaan realiseer nie. Die borgskap waaroor daar nie sekerhied was nie het toe wel gerealiseer, maar 'n ander borg ook ten bedrae van N$50 000 het nie gerealiseer nie en gevolglik het die rit van 2013 op 'n verlies uitgewerk. Die Raad aanvaar die aansoek van Walvisbaaiklub en keur die ritinskrywingsgelde goed.

Vriendelike Nera Raadsgroete
Nera Raad